# VOORBEELDE VAN KRITIES LEES IN GESKIEDENISONDERRIG

**Anna J. Weitz Hugo**
**Departement Didaktiek**
**Unisa**

Hierdie artikel moet in samehang met en as opvolg van die artikel "Krities lees in Geskiedenis" wat in **Gister en Vandag** Nr 23, Mei 1992 verskyn het, gesien word.

In die Kurrikulummodel vir Onderwys in Suid-Afrika van 1991 ressorteer Geskiedenis onder die sosiale wetenskappe. In die studieterrein van die sosiale wetenskappe handel dit oor "mense, die wyse waarop hulle leef, hulle onderlinge verhoudinge en die verhouding met hulle omgewing - asook die wyse waarop die optrede van die mens, in die hede en in die verlede, gebeure en omstandighede beïnvloed het. Spesifieke aandag word aan die ontwikkeling van politieke en sosiaal-ekonomiese ontwikkeling gegee".

Geskiedenis is by uitstek 'n vak wat kan bydra om die ervaringsveld van 'n mens uit te bou en om die nog-nie-volwassene se ervaring staatsburgerlik, polities, kultureel en sosiaal te verbreed. Dit vereis egter dat 'n persoon krities moet kan reageer op dit was vir hom aangebied word.

Suid-Afrikaanse geskiedenis en internasionale geskiedenis bevat 'n groot rykdom van voorbeelde wat gebruik kan word om leerlinge krities te laat lees en dink oor gebeure. Dit is raadsaam om gebeurtenisse waarmee die leerlinge bekend is, te gebruik as voorbeelde.

Daar is drie aspekte wat 'n kritiese ingesteldheid in geskiedenisbeoefening bemoeilik en dit behoort aan senior leerlinge verduidelik te word.

* Eie wêreld- en lewensbeskouing: Elke mens kyk na die werklikheid vanuit sy persoonlike wêreld- en lewensbeskouing. Elke persoon se siening en interpretasie van die geskiedenis geskied dus vanuit hierdie eie wêreld- en lewensbeskouing.

* Perspektiwiteit: Dit is nodig dat 'n persoon wat na die verlede kyk perspektief daarteenoor moet kan inneem. Die verlede moet geïnterpreteer word soos wat dit werklik was en moet onbevooroordeeld beoordeel word.

* Objektiwiteit: Geskiedenis mag nooit so onderrig word dat dit daarom gaan om 'n besondere ideologie uit te bou nie. Dit moet gaan om die werklike interpretasie van die verlede. Leerlinge kan in 'n vak soos Geskiedenis by uitstek gelei word om te streef na objektiewe wetenskapsbeoefening.

## Die onderskeid tussen feit en mening

Die groot aantal advertensies wat deesdae beskikbaar is, kan met sukses gebruik word om leerlinge te leer onderskei tussen feite en menings. Berigte in tydskrifte en nuusblaaie kan ook uitgeknip en gebruik word om feite en menings te identifiseer. Leerlinge kan ook in 'n sekere gedeelte van 'n geskiedenishandboek al die feite aanteken en dan hierdie feite verander in menings. Nog 'n metode is om aan leerlinge 'n lys met name, gebeurtenisse of konsepte te gee en dan van hulle te verwag om aan te dui watter 'n mening of 'n feit of 'n konsep is.

Daar is baie interpretasies van gebeurtenisse in ons land se geskiedenis wat as voorbeelde van feite en menings kan dien. Die volgende beskrywings van toestande in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boere-oorlog is

almal uit dieselfde bron geneem en kan as voorbeelde van feite en menings dien.

**Lord Kitchener:** Lord Kitchener het op 2 Augustus 1901 die volgende oor die gevange vroue aan sy vriendin, lady Cranborne meegedeel: "'I wish you could see them; the inmates are far better looked after in every way than they are in their own homes, or than the British refugees are, for whom no one seems to care. The doctor's reports of the dirt and filth in which the Boer ladies from the wild revel, are very unpleasant reading, and I am considering whether some of the worst cases should not be tried for manslaughter.'"[1]

**The Times History:** "'Too much reliance was placed on the capacity for selfhelp to be shown by the Boers themselves, and the Boers proved to be helpless, utterly adverse to cleanliness and ignorant of the simplest elements of medicine and sanitation. The result was that for a certain period there was a very high rate of mortality among these unfortunate people'".[2]

**Die Dameskommissie se tweede rapport:** "'... Die latrines is nog die ou oop slote; geheel ongeskik vir kinders; en nuwe latrines wat gemaak word, is van dieselfde soort ... Die begraafplaas wat nie omhein is nie, het uitgebrei tot 25 voet van die kamp se grens af en grafte in hierdie siektebesmette plek word slegs drie-en-'n-half voet diep gegrawe. Ons het klein kindertjies dit sien opvul. Drie groot, slordige vuilgoedhope lê daar versprei by hierdie droewige, laaste rusplek van oor die 500 mense. Daar is geen dodetent vir die kamp nie. Daar is toegelaat dat die mediese voorrade gevaarlik skaars word en daar is feitlik geen sisteem in die distribusie daarvan nie.'"[3]

**Mevrou Klazinga:** "'Toe ons die kamp bereik, word ons voor die sogenaamde skoolkamer neergeplak sonder 'n dak bo ons hoof, en ons moes wag totdat dit die here behaag het om ons 'n tent te verskaf. Sommige moes daar twee hele dae in die son en reën lê.

Al ons goed was eerlank te vuil om aan te raak. Die vroue in die kamp wat reeds 'n tydlank daar was en bekend was met die gruwele, het ons so nou en dan brood en koffie gebring. Sommige van hulle het dieselfde behandeling ondergaan en sommige nog meer onmenslik.

Wat die kamplewe betref, dit is met een woord 'n stadige hongerdood en besmetting ... Sommige van die vroue loop saam met hulle kinders kaalvoet.'"[4]

**Emily Hobhouse:** "'Boweal wil mens vertrou dat die gesonde verstand, so dan nie die genadigheid nie, van die Engelse volk in opstand kom teen die verdere ontwikkeling van hierdie wrede sisteem wat so 'n vernietigende uitwerking het op die oues van dae, die swakkes, en die kinders. Mag hulle sorg dra vir die opheffing van die bevel dat meer en steeds meer mense na die kampe vervoer word. Het dit ooit gebeur, vanaf Ou-Testamentiese tye, dat 'n hele nasie as krygsgevangenes weggevoer word?'"[5]

**Vergelyking en kontrastering van verslae**

Geskiedenis word deur mense geskryf en soos mense verskil, so verskil hulle interpretasies van verskillende gebeurtenisse. Dit lei daartoe dat daar dikwels 'n verskeidenheid interpretasies van dieselfde gebeurtenis deur verskillende mense gegee word. Deur leerlinge verskillende interpretasies en weergawes van dieselfde gebeurtenis te laat vergelyk en kontrasteer, kan hulle gelei word om krities ingesteld teenoor geskiedskrywing te raak. Hulle sal ook terdeë besef wat 'n groot opgawe objektiwiteit in Geskiedenis is.

'n Goeie strategie sal wees om verskillende interpretasies van 'n geskiedkundige gebeurtenis deur te werk en dan die leerlinge na 'n video of film oor dieselfde aangeleentheid te laat kyk. Dink byvoorbeeld aan internasionale gebeurtenisse wat in films soos "Mary, Queen of Scots" of "Nicholas and Alexandra" uitgebeeld is. Leerlinge kan self besluit oor die akkuraatheid van die weergawes deur te let op die doelstellings, bevooroordeeldheid, houding en algemene effek.

Andersins kan verskillende outeurs se menings en interpretasies van dieselfde gebeurtenis gebruik word. In ons eie geskiedenis kan verskillende outeurs se beskrywings van die gebeurtenisse rondom die moord op Piet Retief en sy kommando as moontlike voorbeeld dien.

G.M. Theal berig soos volg: "The farmers were completely thrown off their guard by the trouble that was taken apparently to entertain them. On the morning of Tuesday the 6th of

February 1838 Mr. Retief and his party prepared to return to their friends, and went to take leave of Dingan, who they found, as usual, surrounded by warriors. Great care had been taken to show them that according to Zulu custom no one could approach the chief armed, and consequently when they were requested to leave their guns outside the kraal, they did so without suspicion of danger. They were received in the ordinary manner, and were pressed to seat themselves and partake of some beer, which was being handed round freely.

While in this defenceless position, into which they had been so carefully trapped, Dingan suddenly called out 'Seize them,' when instantly the Zulu soldiers rushed upon them. *Thomas Holstead, the interpreter*, exclaimed: 'We're done for,' and added in the Zulu language: 'Let me speak to the king." Dingan heard him, but waved his hand in token of dissent, and called out repeatedly: 'Kill the wizards.'"[6]

Volgens G.S. Preller het die volgende gebeur: "Maandag teen sononder kom daar 'n regiment jong Soeloes, genaamd die 'Wildebeeste', dig bij meneer Owen s'n stasie voorbij, naar Dingaan s'n kraal. Die regiment sing 'n oorlogslied terwijl hul uit Dingaan s'n kraal terugkeer nadat hul hom begroet had. William Wood, wat ongeveer elf of twaalf jaar oud sal gewees 't, seg toen aan mij: 'Jij sal 't sien, dat hul die Boere more doodmaak ...'

Sal soiets in sijn eie huis onbekend geblij 't aan Owen? En als hij daarop gehandel 't, om die Boere te waarskuw, sal hij nagelaat 't om dit na die afgrijslikhede van die volgende dag aan te teken in sijn dagboek: 'ik 't hul dit gesê?' Maar daar's nog meer. Toen Owen die noodlottige Dinsdagmore aan sijn twee besoekers vraag, wat hul nou van Dingaan denk, toen had hij Wood s'n waarskuwing vir die twede maal al gehoor. Jane Bird vertel daarvan:

Dinsdagmôre vroeg, toen die son net uitkom, sien ik drie Boere die stasie nader, en ik seg toe aan meneer Owen, dat daar besoekers aankom. Hulle kom toen in mijn hut en seg aan mij, deur Wood, dat hul hulle pêrde gaan vang, en net nou terugkeer naar hul vrouwens en kinders toe. Hul seg, dat hul g'n koffie of thee vir die pad het nie, en ik geef hul toen 'n hoeveelheid uit mijn voorraad. Hul seg ook, dat Dingaan hul die land van Natal gegee het, dat hij 'n man was met 'n groot en goeie hart, en dat hul nou die Engelse die see sou indrijf. In Engels seg Wood toen aan mij: "Jij sal sien, dat die Boere vermoor sal worde.' Ik weet nie of hij dit ook aan die Boere op Hollands gesê 't nie."[7]

Cory gee die volgende beskrywing: "The next day, Sunday the 4th, according to Owen's diary, nothing noteworthy took place. On Monday, towards sundown, another regiment of young Zulu warriors passed Mr. Owen's mission buildings and added themselves to the great number which had by this time collected ... It does not appear that this assembling of so many armed Zulus created any alarm in the minds of the Boers or anyone at the mission station except young William Wood, who was reported to have said to Jane Williams, *'You will see that they will* kill the Boers to-morrow.' ... Early in the morning of that two Boers called upon Mr. Owen and took breakfast with him. They expressed their utmost confidence in Dingaan and their assurance that he was a man with a large and good heart, sentiments undoubtedly entertained by all their companions ... The messenger added that the mission people were safe as they were King George's children, but the Boers were not and had run away from him. Almost before this was said, and certainly before it was realised, one of the Zulu maidservants said, 'Look, they are killing the Boers now.' A great commotion was seen taking place in one of the cattle kraals in Umgungunhlovu and a loud shouting and shrieking rent the air."[8]

Meer resent beskryf H.J. van Aswegen die gebeurtenis en dit wat daarmee saamhang soos volg: "Ook die sendelinge wat hy by hom toegelaat het ('n groep Amerikaanse sendelinge asook een Britse sendeling, Francis Owen) was vir Dingane 'n bron van ergernis. Die Christendom wat hulle verkondig, was vir hom vreemd en in stryd met sy eie opvattings en hulle het vir hom min materiële voordele besorg. Dingane wou veral vuurwapens gehad het, maar dit het hulle nie vir hom gegee nie.

Dingane se groeiende wantroue in die blankes is versterk deur 'n Xhosa-tolk, Jacob, wat saam met een van die Port Natalse handelaars, John Cane, na Zululand gekom het. Jacob het hom teen die vestiging van blankes in sy gebied gewaarsku en hom meegedeel hoe die blankes stelselmatig die land van die Xhosa ingeneem het.

Dit was in hierdie omstandighede dat Retief en sy berede manskappe met hul vuurwapens in 1837 met Dingane om grondgebied kom onderhandel het. Die mag van die blankes, die wyse waarop hulle Mzilikazi verslaan en die vee van Sekonyela afgeneem het, asook die feit dat hulle reeds besig was om hulle in Natal te vestig nog voordat Dingane sy verlof daartoe gegee het, het Dingane uit onsekerheid, vrees en selfbeskerming laat optree. Sy koninkryk was volgens sy insigte deur die blankes bedreig en hy moes die bedreiging afweer."[9]

**Die vermoë om propagandategnieke te onderskei**

Geskrewe propaganda is 'n baie magtige wapen en iets waarmee die meeste mense dikwels te doen kry. Geskrewe propaganda kan in verskillende vorme voorkom. Propaganda in boeke hou die voordeel in dat 'n boek oor 'n lang tydperk gelees word en so vir 'n lang periode mense kan beïnvloed. Nuusblaaie is daarenteen goedkoper beskikbaar en propaganda in hierdie vorm kan dus meer mense meer dikwels bereik. Propaganda kan ook in tydskrifartikels en selfs in advertensies voorkom.

'n Paar soorte propagandategnieke is in **Gister en Vandag**, No. 23 bespreek. Twee gedigte wat in Mei 1992 in die tydskrif "Crux"[10] verskyn het, kan gebruik word as voorbeelde van slegte of goeie name en opeenstapeling of weglating as propaganda-tegnieke. Die twee gedigte handel albei oor dieselfde tema, te wete Dick King se legendariese tog vanaf Durban na Grahamstad in 1842.

**King's Ride** - Francis Carey Slater

... 'Twas in forty-two: entrapped were we
At Port Natal where warm winds
Ruffle the skirts of the Indian Sea.

Camped hard by on Congela Flats
The enemy waited, like watchful cats,
Whilst we were the cornered and quaking rats.

Yes, caught were we, like rats in a trap:
Hope of escape? - not a pin-point scrap!
Little we reckoned that our mishap

Would kindle a deed that in coming days
From time's dull records would brightly blaze
Flashing through many balladist's lays ...

Brushing through shadowy bush at nigh
His moving stallion - still gleaming white -
Was the moon in cloud-thickets on heaven's height ...

Over plain untrodden, through tangled glen,
Past lurking python and lion's den,
By kraals and shelters of savage men -

Onward by day and night he went,
Sleeplessly stirred by his high intent,
Hungry and thirsty - with courage unbent;

On, ever on, till at last he came
To the frontier-city which Colonel Graham
Crowned with the pride of his ancient name.

Joy-bells jangled at break of day,
As succouring ships beat up the bay -
A turn of the cards to end the play!

Joy-bells pealed and from valley and height
The enemy-hosts took hot-foot flight,
Like stars that flee dawn's banners of light.

- Life is passing and time is fleet,
But still in dreams can I hear the beat
Of that great-hearted stallion's galloping feet.

Yes, life is passing, but deeds abide
That thrill and fill us with flaming pride,
Like King's unforgettable rescue!

**Ndongeni** - H.I.E. Dhlomo

Ndongeni! Praise! Seed of our fatherland!
Son of ancestors bold, you braved the sea
And dangers great to serve and teach this land
Example of the power of unity.
King's deed and glory are your glory and
Your deed! His fame and praise, your fame
and praise!
The full diapason of that theseme - Dick's
band,
Can never be complete without thy name.
The beauty and the treasures of your home,
Ndongeni - hear and help - your progeny
No longer call their own! Your children roam
Despised! Outcasts! And ever do they flee!
Upon our visions doubts close like a mask!
'Was it for this Ndongeni rode?' we ask.

In Slater se gedig is daar oral oordrewe taalgebruik om die Britse koloniale saak te versterk en die vyand se saak te verswak.

Inligting oor King se heldedaad word opgestapel, maar die feit dat Ndongeni die grootste gedeelte van die rit meegemaak het, word weggelaat. In die ander gedig besing Dhlomo Ndongeni se heldemoed met baie woorde, maar King se aandeel word nie in dieselfde mate opgehemel nie. Die digter neem die geskiedenis egter verder deur te wys op die gevolge van King se rit vir Ndongeni se eie mense.

**Woorde wat emosioneel gekleurd is**

Die gebruik van woorde wat emosioneel gekleurd is, is 'n sterk vorm van propagandategniek. Deur leerlinge bewus te maak van woorde wat emosioneel gekleurd is, kan hulle gelei word om die verskuilde boodskap agter die teks raak te sien. Sodoende sal hulle tot die besef kom dat alle geskrewe teks nie noodwendig eerlike kommunikasie bevat nie.

Die geskiedenis van ons land is daar baie voorbeelde van outeurs wat met behulp van oordrewe taalgebruik gepoog het om 'n volk op te hemel of af te kraak. Dit is duidelik dat die woordkeuse daarop gerig was om die mening van die leser ten opsigte van die bepaalde volk ten goede of ten kwade te beïnvloed. Die uitsprake moet ook gesien word teen die tydsagtergrond waarin dit gedoen is. Leerlinge kan in die opsig ook bewus gemaak word van die invloed van perspektiwiteit en objektiwiteit in geskiedskrywing.

Oor die Boesmans of die Sanmense is daar verskeie uitsprake gemaak. Let daarop dat van Aswegen dit laat blyk dat die keuse van die woord Boesman en San 'n negatiewe konnotasie het en dat nie eens die keuse van 'n naam vir hierdie volk reg aan hulle laat geskied nie.

Sarel Cilliers se biograaf meld: "Die onbetroubare, wrede en aggressiewe San, volgens Cilliers, was vir die grensboere 'n wesenlike probleem".[11]

Theal skryf soos volg oor die Boesmans: "The life led by these savages was in truth a wretched one, judged from a European standard. They had not contact with people beyond their own little communities,except in war, for they were without a conception of commerce. If a pestilence had swept them from the face of the earth, nothing more would have been left to mark where they had once been than the drilled stones, rudely shaped arrowheads, rough pottery, rock paintings, and crude sculptures. Their pleasures were hardly superior to those of dumb animals."[12]

Nadat hy op 'n outentieke Boesman-gemeenskap in die Kalahari afgekom het, skryf Lourens van der Post soos volg: "I had not expected anything so comely, dignified, and orderly ... Daily, I became more convinced that in this regard our version of history was largely rationalization and justification or our lack of scruple and excess of greed, and that the models drawn upon by historians and artists must have been the Bushmen nearest them who has already been wrenched out of their authentic pattern to become debased by insecurity and degraded by helplessness against our well-armed selfishness."[13]

Van Aswegen gee die volgende verduideliking van die begrippe San en Boesman: "Vandat die Nederlanders aan die Kaap die klein ligbruin jagters "Bosjemans" begin noem het, het die benaming Boesmans vir jare die algemeen aanvaarde naam vir die mense geword. Vandag verkies wetenskaplikes die naam San omdat dit 'n naam was wat die Khoikhoi aan sekere van die jagtergroepe gegee het en omdat die term Boesman 'n negatiewe betekenis verkry het. Die gebruik van die benaming San is egter ook problematies. Histories het dit nie op alle jagtergroepe betrekking gehad nie en is dit dikwels gebruik om groepe van laer status (arm mense) aan te dui."[14]

Die inwoners van die Vrystaat gedurende die jare 1842 tot 1848 word deur twee destydse outeurs as volg geskilder:

J. Noble bespreek die inheemse bevolking: "This unhappy condition of affairs was a natural consequence of the absence of any superintending authority among the various races, civilized, semi-civilized and barbarians, who were jumbled together there, acknowledging no law but that of might, and no restraint but such as sprung spontaneously from their own unruly will."[15]

Die Wesleyaanse sendeling J. Allison pleit in Augustus 1842 vir 150,000 Britse koloniste wat in die Thaba Nchu-omgewing gevestig moet word. "Such a body would, if well regulated, preserve the native tribes from

destruction, and for ever mar the prospect of the Boers setting up their worse than Turkish tyranny and sway."[16]

**Die invloed van die tydsgewrig**

Die invloed van die tydsgewrig van waaruit daar na sekere gebeurtenisse in die geskiedenis gekyk word, lei ook tot interessante vrae en kritiese denke oor geskiedskrywing.

In 1992 het die vyfhonderdjarige herdenking van Columbus se ontdekking van die Nuwe Wêreld dit duidelik laat blyk dat daar verskillende standpunte oor hierdie sogenaamde ontdekking bestaan. In 'n artikel van David Armitage[17] word die menings oor Columbus se ontdekkingsreis en die invloed soos gesien vanuit verskillende tydsgewrigte duidelik uiteengesit. Die volgende aanhalings diens as voorbeelde:

"... The legacy of the encounter has been called nothing less than 'ecocide'. Meanwhile the various international commemorations are seen not as affirmations of a unified world but rather as evidence of the continuing claims of Europe to be top dog. In this atmosphere Columbus is more likely to be hailed as the inventor of New World slavery than praised as the father of world unity. No longer a far-sighted visionary, who romantically overcame every hardship, he seems more a blinkered bigot who brought slaughter and damage in his wake ...

... The construction of Columbus' image began, of course, with the explorer himself. The transformation of the son of a Genoese weaver into the Grand Admiral, Viceroy and Governnor was an effect into which Columbus put almost as much work as he did into his less clearly successful voyages of discovery. Amid the ambition, the self-righteousness and messaic fervour of his personality there was little room for regret, only for disappointment ...

... By the beginning of the seventeenth century, it seemed to outside observers that greed for gold, rather than concern for souls, had been the prime mover in the expansion of Spain's empire ...

While Columbus had effectively opened up the world as a single economic unit, trade had also been the motive for the most extreme forms of exploitation in the Americas with 'the richest, the fairest and the best part of the world topsy-turvied, rained and defaced toe the traffic of pearls and pepper' as Montaigne so bitterly encapsulated the costs of commerce. By the time of the bicentenary of the discovery in the 1690s, it was clear to commentators that trade, not territorial ambition or confessional loyalty, was now a major motive of international relations ...

... The Enlightment (1800) saw it both as a step in mankind's irresistible march toward the complete comprehension of the natural world and as an emblem of the destruction such curiosity could bring with it ...

... At the time of the centenary of Columbus' first voyage, there were many who wished to deny that he had been the first to land in American at all. A century later, the effects of the discovery on a declining Spain had become a spectre for the rest of Europe, even as it realised that the world had been transformed, for good or ill, by the commerical possiblities opened up by the encounter. At the time of the tercentenary the newly-independent Americans used the discovery as an assertion of blossoming confidence and as a landmark in their progress toward nationhood. In 1983 that nationhood was proclaimed to an awed world with few dissenters questioning the view of a united, white, industrial America the World's Columbian Exposition implied ...

... To Columbus the Christ-bearer, Columbus the scientist, and Columbus the father of America, the 1990s have added Columbus the environmental hatchet-man and Columbus the scapegoat for genocide ..."

**Slot**

Geskiedenis, die vak met so baie fassinerende fassette, kan op verskillende interessante maniere aan leerlinge oorgedra word. Een so 'n manier is om leerlinge aan verskillende standpunte en aanvegbare stellings bloot te stel. Dit sal hulle dwing om krities te lees en losgies te redeneer.

## VOETNOTE

1. M.A. Gronum: **Die Engelse Oorlog 1899-1902**, pp. 150-151. (Johannesburg, 1972).
2. **Ibid**, p. 150.
3. **Ibid**, p. 140-141.
4. **Ibid**, p. 138.
5. **Ibid**, p. 120.
6. G.M. Theal: **History of South African**, vol. II, p. 317. (Londen, 1908).
7. G.S. Preller: **Piet Retief**, pp. 204-205. (Pretoria, 1917).
8. G.E. Cory: **The Rise of South Africa**, vol. IV, pp.45-46. (New York, 1926).
9. H.J. van Aswegen: **Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854**, p. 277. (Pretoria, 1989).
10. C. Mackenzie: **Two poems, one theme**, (**Crux**, vol. 26 no. 2, pp. 11, 12 & 14).
11. P.S. de Jongh: **Sarel Cilliers**, p. 64. (Johannesburg, 1987).
12. G.M. Theal: **The Beginning of South African History**, pp. 17-18, (Londen, 1902).
13. L. van der Post: **The Lost World of the Kalahari**, p. 215. (Londen, 1962).
14. H.J. van Aswegen: **Op cit.**, p. 23.
15. J. Noble: **South Africa, Past and Present**, p. 106. (Londen, 1877).
16. C.F.J. Muller: **Die Britse owerheid en die Groot Trek**, p. 254. (Johannesburg, 1963).
17. D. Armitage: **Christopher Columbus and the uses of History** (**History Today** 42, May 1992, pp. 50-55).